

Suidwes, oftewel Namibië, is deesdae baie in die nuus en om hierdie rede het ons die Etnoloog, Etienne du Pisani, self 'n gebore en getoë Suidwester, gevra om een en ander oor dié land te skryf. Suidwes is driekwart so groot as die Republiek en word deur 'n verskeidenheid volkere bewoon. Die mee-gaande artikel handel oor die Dama, waarvoor Etienne self navorsing gedoen het. Naas die Wambo's en die Blankes is hul die grootste bevolkingsgroep in die gebied.

Die Dama is 'n Namasprekende negroïede groep wat wydverspreid in die gebied woon. Na raming is daar sowat 79 500 Damas, wat 8,5% van die totale geskatte bevolking van 931 000 verteenwoordig.

Navorsing is veral gedoen langs die Ugabrivier, ten noorde van die Brandberg. Dit is 'n droë gebied met 'n jaarlikse reënval van nagenoeg 50mm (twee duim) en dit is dus vir die Dama uiters belangrik om die beste moont-



Etienne du Pisani

DIE ERFGENAME VAN SUIDWES



Links: 'n Dama-seuntjie van die Ugab-omgewing.

Regs: 'n Onbewoonde hut. Hierdie tipe hutte is gemaak van droë basstroke wat met 'n mengsel van sand en mis bedek word. Vandag word hierdie hutte toenemend deur vierkantige sinkstrukture vervang.



Onder: Hutte met die Brandberg in die agtergrond. Let op na die vuurmaakplek, bokkraal en die tabaktuinjie (links voor op foto).



like gebruik te maak van die beskikbare water en weiding. Uit die aard van die omstandighede kan tuinbou slegs op die rivieroewers beoefen word; vir die res is die Dama aangewese op hul vee, hoofsaaklik bokke en skape. Die wisselvalligheid van die reënval noodsaak soms 'n Dama-boer om met sy vee rond te trek. Dit is dan ook te verstane dat die Dama nie in gekonsentreerde groepe bly nie. Terselfdertyd is hul wonings eenvoudig; dit gaan nie om uiterlike vertoon nie, maar om die funksionaliteit van die huise.

Dié volkekundige gegewens aangaande die Dama, is nie net van akademiese waarde nie, maar speel ook 'n baie beslissende rol in die politieke sfeer. Dit is eweneens waar van die lewensgewoontes van al die ander bevolkingsgroepe. En wanneer 'n verskeidenheid volke met uiteenlopende gewoontes 'n land met uiterstes bewoon, word die situasie inderdaad kompleks!



Bo: Kaart van Suidwes-Afrika met 'n aanduiding van die tuisgebiede.

Links: 'n Ring van klippe naby die kus, moontlik die oorblyfsels van 'n Dama-hut.

Black Schoolgroups at the Museum



Mr Edwin Mohatlane, Bantu guide lecturer at the National Museum, with traditional hats donated by Ratjomoso Bantu School, Maseru.

Last year 200 Black schoolgroups, a total number of 17 000 pupils, visited the National Museum. This figure represents an increase of 55 % over the previous year, when 11 000 Black pupils came to view the displays. The increase is most probably due to the fact that provision has now been made for conducted tours of Black groups through the Museum

St John Primary School in Maseru have shown their gratitude by the donation of beautiful earthenware cups and saucers to the Museum.

We would like to express our appreciation to the group leaders, mostly teachers, for their good control of the pupils. As a result, these groups will always be welcome visitors at the Museum, while a well-disciplined group also gets more out of the display than a disorganized one.

The National Museum would also like to use this opportunity to thank the Department of Plural Affairs for placing a Bantu guide lecturer at our disposal, as well as all their help in drafting the programmes for schoolgroups to visit us.

“MA, HULLE SKIET OP ONS!”

In 1950 was daar in 'n uitstalkas in die Museum 'n groot, ronde spoelklip afkomstig uit 'n maalgat met die volgende onderskrif:

“A Cannon-ball fallen from Mars”

Dit moet wees in die dae toe die mense nog geglo het daar is lewe op dié planeet.